

VADER en Seun Skrifte

Dié VADER en Seun uit die Skrifte.

Ek begin uit die Ou Verbond (*Testament*) waar ek YAHUSHA gaan uitwys as ‘n “Engel”

Gen. 16:7 *En die Engel (YAH–U–SHA dié Seun) van ~~die HERE~~ VADER het haar by ‘n fontein in die woestyn gevind, by die fontein op pad na Sur, Gen.*

16:9 *Toe sê die Engel (YAH–U–SHA dié Seun) van ~~die HERE~~ VADER vir haar: Gaan terug na jou meesteres en verneder jou onder haar hande.*

Gen. 16:10 *Verder sê die Engel (YAHUSHA dié Seun) van ~~die HERE~~ VADER vir haar: Ek sal jou nageslag grootliks vermeerder, sodat dit vanweë die menigte nie getel kan word nie. (Hoor jy wat dié “Engel” sê: Ek sal jou nageslag vermeerder, Dus is die “Engel” YAHUSHA / YAH –SHA).*

Gen. 16:11 *Ook sê die Engel (YAHUSHA dié Seun) van ~~die HERE~~ VADER vir haar: Kyk, jy is swanger en sal ‘n seun baar, en jy moet hom Ismael noem, want ~~die HERE~~ VADER het jou in jou ellende verhoor*

(VADER word hier uitgewys as ‘n volgende wese buite dié Seun / Engel / YAHUSHA). Gen. 21:17 *Toe hoor ~~God~~ Skepper die stem van die seun, en die Engel (YAHUSHA dié Seun) van ~~God~~ Skepper het na Hagar geroep uit die hemel en haar gevra: Wat is dit met jou, Hagar? Wees nie bevrees nie, want ~~God~~ Skepper het na die stem van die seun geluister op die plek waar hy is (Hoor jy dat dit YAHUSHA dié Seun van VADER is wat spreek?). Gen.*

22:11 *Maar die Engel (YAHUSHA dié Seun) van ~~die HERE~~ VADER het na hom van die hemel af geroep en gesê: Abraham, Abraham! En hy*

antwoord: *Hier is ek!* (duideliker kan dit nie beskryf word dat YAHUSHA dié Seun van VADER hier uit die hemel tot Abraham spreek) Gen. 22:15 *Toe roep die Engel (YAHUSHA dié Seun) van ~~die HERE~~ VADER vir die tweede keer na Abraham van die hemel af Gen. 31:11 En die Engel (YAHUSHA dié Seun) van ~~God~~ Skepper sê vir my in die droom: Jakob! En ek antwoord: Hier is ek! (Wat opgelet moet word is dat “HERE en God” baie maal uitwys dat dit wel VADER is. Ek gebruik Skepper net om die Baal god te breek of uit te wys).*

Gen 48:16 *die Engel (YAHUSHA dié Seun) wat my uit elke teëspoed verlos het—mag Hy die seuns seën, en mag deur hulle my naam genoem word en die naam van my vaders Abraham en Isak, en mag hulle vermeerder in die land in menigte (Hier lees ons duidelik dat die “Engel” YAHUSHA dié Seun hom gered het). Ex. 3:2 Daarop verskyn die Engel (YAHUSHA dié Seun)*

van ~~die HERE~~ VADER aan hom in ‘n vuurvlam uit ‘n doringbos. En toe hy weer sien, brand die doringbos in die vuur, maar die doringbos word nie verteer nie!:4 Toe ~~die HERE~~ VADER sien dat hy nuuskierig nader kom, roep ~~God~~ Skepper na hom uit die doringbos en sê: Moses, Moses! En hy antwoord: Hier is ek.:6 Verder sê Hy: Ek is die ~~God~~ Skepper van jou vader, die ~~God~~ Skepper van Abraham, die ~~God~~ Skepper van Isak en die ~~God~~ Skepper van Jakob. Toe het Moses sy aangesig verberg, want hy was bevrees om ~~God~~ Skepper aan te sien.

Ex. 3:13 Hierop het Moses tot ~~God~~ Skepper gespreek: Maar as ek by die kinders van ~~Israel~~ Yashar'EL kom en aan hulle sê: Die ~~God~~ Skepper van julle vaders het my na julle gestuur, en hulle my vra: Hoe is Sy naam? — wat moet ek hulle antwoord? :14 En ~~God~~ Skepper sê vir Moses: EK IS WAT EK IS. Ook sê Hy: So moet jy die kinders van ~~Israel~~ Yashar'EL antwoord: EK IS (YAH) het my na julle gestuur. :15 Toe sê ~~God~~ Skepper verder vir Moses: Dit moet jy aan die kinders van ~~Israel~~ Yashar'EL meedeel: ~~Die HERE~~ YAH, die ~~God~~ Skepper van julle vaders, die ~~God~~ Skepper van Abraham, die ~~God~~ Skepper van Isak en die ~~God~~ Skepper van Jakob, het my na julle gestuur. Dit is My Naam vir ewig, en dit is My gedenknaam van geslag tot geslag. Matt.22:32; 27:43; 28:20; Mark.14:62; Joh.19:21; Hand.7:32

Ex. 14:19 En die Engel (YAHUSHA dié Seun) van ~~God~~ Skepper wat voor die leër van ~~Israel~~ Yashar'EL uit getrek het, het daar weggegaan en agter hulle aan getrek. En die wolkkolom het ook voor hulle weggetrek en agter hulle gaan staan; (YAHUSHA 'dié Seun' het saam met die volk getrek) Ex. 23:20 Kyk, Ek stuur 'n Engel (YAHUSHA dié Seun) voor jou uit om jou op die pad te bewaar en om jou na die plek te bring wat Ek gereedgemaak het (Die VADER stuur SY Seun). Ex. 23:23 Want my Engel (YAHUSHA dié Seun) sal voor jou uit gaan en jou bring na die Amoriete en Hetiete en Feresiete en Kanaäniete, Hewiete en Jebusiete; en Ek sal hulle vernietig (VADER sê hier duidelik dat HY hulle sal vernietig en dat SY Seun voor hulle sal trek). Num 20:16 Toe het ons ~~die HERE~~ VADER aangeroep, en Hy het ons stem gehoor: Hy het 'n Engel (YAHUSHA dié Seun) gestuur en ons uit Egipte uitgelei. Hier is ons nou in Kades, 'n stad op die grens van jou grondgebied (YAHUSHA dié Seun het tussen, saam met die volk getrek). Num 22:22 Maar die toorn van ~~God~~ Skepper het ontvlam, omdat hy weggetrek het; en die Engel (YAHUSHA dié Seun) van ~~die HERE~~ VADER het gaan staan in die pad as sy teëparty, terwyl hy op sy esel ry en sy twee dienaars by hom was (YAHUSHA dié Seun was en is VADER se tug-instrument). Num 22:23-35 En die esel het die Engel (YAHUSHA dié Seun) van ~~die HERE~~ VADER in die pad sien staan, met sy ontblote swaard in sy hand; daarom het die esel uit die pad uitgedraai en die veld ingeloop. Maar Bileam het die esel geslaan om haar na die pad te stuur (Duidelik sien ons dat YAHUSHA dié Seun nie opsigtelik was vir Bileam nie, dus was HY in die onopsigtelike realm waar die mens se oog nie kan sien nie).

Rig. 2:1 Toe trek die Engel (YAHUSHA dié Seun) van ~~die HERE~~ VADER van Gilgal op na Bogim en sê: Ek het julle uit Egipte laat optrek en julle gebring in die land wat Ek julle vaders met 'n eed beloof het, en gesê: Ek sal my verbond met julle in ewigheid nie verbreek nie; (Hoor jy die groot woorde? Ek “YAHUSHA dié Seun” het julle uit Egipte laat optrek, Ek “YAHUSHA dié Seun” het julle vaders met 'n eed beloof, Ek “YAHUSHA dié Seun” sal My verbond nie verbreek!)

Rig. 2:4 En terwyl die Engel (YAHUSHA dié Seun) van ~~die HERE~~ VADER met hierdie woorde al die kinders van ~~Israel~~ Yashar'EL toespreek, het die volk hulle stem verhef en geweën;

Rig. 5:23 Vloek Meros, sê die Engel (YAHUSHA dié Seun) van ~~die HERE~~ VADER; ja, vervloek sy inwoners, omdat hulle ~~die HERE~~ VADER nie tot hulp gekom het nie, ~~die HERE~~ VADER tot hulp onder die helde (Telkemaal sal jy lees dat YAHUSHA dié Seun terugstaan en al die eer aan Sy / ons VADER gee). Rig. 6:11 Toe het die Engel (YAHUSHA dié Seun) van ~~die HERE~~ VADER gekom en gaan sit onder die terpentynboom wat by Ofra staan, wat aan Joas, die Abiësriet, behoort het, terwyl sy seun Gídeon juis koring uitslaan in die parskuip om dit te beveilig teen die Midianiete.:12

En die Engel (YAHUSHA dié Seun) van ~~die HERE~~ VADER het aan hom verskyn en vir hom gesê: ~~Die HERE~~ VADER is met jou, dapper held! (Hoor jy dat YAHUSHA altyd deurgee dat alle besluite van VADER kom) Rig. 6:20 Maar die Engel (YAHUSHA dié Seun) van ~~God~~ Skepper het vir hom gesê: Neem die vleis en die ongesuurde koeke, en sit dit op hierdie rots neer en gooi die sous daaroor uit. En hy het so gedoen.:21 Daarop steek die Engel (YAHUSHA dié Seun) van ~~die HERE~~ VADER die punt van die staf wat in sy hand was, uit en raak die vleis en die ongesuurde koeke aan; toe gaan daar vuur op uit die rots en verteer die vleis en die ongesuurde koeke. Intussen het die Engel (YAHUSHA dié Seun) van ~~die HERE~~ VADER verdwyn uit sy oë.:22 Toe Gídeon bemerk dat dit die Engel (YAHUSHA dié Seun) van ~~die HERE~~ VADER was, sê Gídeon: Ag, ~~Here~~ HERE VADER! want ek het die Engel (YAHUSHA dié Seun) van ~~die HERE~~ VADER gesien van aangesig tot aangesig! (VADER mag nie besigtig word nie, maar die Seun / Engel kon wel besigtig word).

Rig. 13:3-20 Maar die Engel (YAHUSHA dié Seun) van ~~die HERE~~ VADER het aan die vrou verskyn en vir haar gesê: Kyk, jy is onvrugbaar en het geen kinders gehad nie, maar jy sal swanger word en 'n seun baar.

Rig. 13:21 En die Engel (YAHUSHA dié Seun) van ~~die HERE~~ VADER het verder nie meer aan Manóag en sy vrou verskyn nie. Daarop bemerk Manóag dat dit die Engel (YAHUSHA dié Seun) van ~~die HERE~~ VADER was.

2Kon. 1:3 Maar die Engel (YAHUSHA dié Seun) van ~~die HERE~~ VADER het vir Elía, die Tisbiet, gesê: Maak jou klaar, gaan op, die boodskappers van die koning van Samaría tegemoet, en spreek met hulle: Gaan julle, omdat daar glad geen ~~God~~ Skepper in ~~Israel~~ Yashar'EL is nie, om Baäl-Sebub, die god van Ekron, te raadpleeg? 2Ki 1:15 Toe sê die Engel (YAHUSHA dié Seun) van ~~die HERE~~ VADER vir Elía: Gaan saam met hom af; wees nie bevrees vir hom nie. En hy het opgestaan en saam met hom na die koning afgegaan

Ps. 34:8 Get. Die Engel (YAHUSHA dié Seun) van ~~die HERE~~ VADER trek 'n laer rondom die wat Hom vrees, en red hulle uit (YAHUSHA is die Een wat kom tot ons beskerming).

Ps. 35:5 Laat hulle word soos kaf voor die wind, terwyl die Engel (YAHUSHA dié Seun) van ~~die HERE~~ VADER hulle wegstoot. Ps. 35:6 Laat hulle weg duister en glibberig wees, terwyl die Engel (YAHUSHA dié Seun) van ~~die HERE~~ VADER hulle vervolgt!

Jes. 63:9 In al hulle benoudheid was Hy (VADER) benoud, en die Engel (YAHUSHA dié Seun) van SY aangesig het hulle verlos; deur SY liefde en deur SY medelyde het Hy hulle verlos; en Hy het hulle opgehef en hulle gedra, al die dae van die ou tyd.

Hos. 12:5 Ja, hy het met die Engel (YAHUSHA dié Seun) geworstel en die oorhand gekry, hy het geweene en Hom gesmeek. By Bet-el het hy Hom gevind, en daar het Hy met ons gespreek. Sag. 1:11 Daarop het hulle die Engel (YAHUSHA dié Seun) van ~~die HERE~~ VADER, wat tussen die mirtebome gestaan het, toegespreek en gesê: Ons het die aarde deurkruis, en kyk, die ganse aarde is stil en rustig.:12 Daarop het die Engel (YAHUSHA dié Seun) van ~~die HERE~~ VADER aangehef en gesê: ~~HERE~~ VADER van die leërskare, hoe lank nog bly U sonder ontferming oor Jerusalem en oor die stede van Juda waarop U alreeds sewentig jaar vertoornd was? (Hoor jy die woorde van die “Engel” YAHUSHA dié Seun? Hy spreek tot die VADER en vra ‘n vraag).

Sag. 3:1 Daarna het Hy my Josua, die hoëpriester, laat sien, terwyl hy voor die Engel (YAHUSHA dié Seun) van ~~die HERE~~ VADER staan, en die Satan aan sy regterhand staan om hom aan te klae (Hoe duideliker wil jy dit hê met die woorde van die gelese vers nl.: hy staan voor YAH -SHA / YAHUSHA dié Seun van VADER). Sag. 3:3 En Josua was bekleed met vuil klere, terwyl hy voor die Engel (YAHUSHA dié Seun) staan. Sag. 3:5 Daarop sê ek: Laat hulle ‘n rein tulband op sy hoof sit. En hulle het die rein tulband op sy hoof gesit en hom die klere aangetrek, terwyl die Engel (YAHUSHA dié Seun) van ~~die HERE~~ VADER daarby staan. Sag. 3:6 En die Engel (YAHUSHA dié Seun) van ~~die HERE~~ VADER het Josua plegtig verseker en gesê:... Sag. 12:8 In dié dag sal ~~die HERE~~ VADER die inwoners van Jerusalem rondom beskut, en die struikelende onder hulle sal in dié dag wees soos Dawid, en die huis van Dawid (Dawid beteken geliefde) soos ‘n hemelse wese, soos die Engel (YAHUSHA dié Seun) van ~~die HERE~~ VADER voor hulle uit.

Mal. 3:1 Kyk, Ek stuur my boodskapper wat die weg voor My uit sal baan; dan sal skielik na sy tempel kom ~~die Here~~ VADER na wie julle soek, naamlik die Engel (YAHUSHA dié Seun) van die verbond, na wie julle ‘n begeerte het. Kyk, Hy kom, sê ~~die HERE~~ VADER van die leërskare (Hoor jy die boodskap? YAHUSHA dié Seun is VADER se Boodskapper).

Ek haal Hand. aan wat “Nuwe” Verbond is, maar oor die Oue praat:

Hand. 7:30 En toe veertig jaar verby was, het ‘n Engel (YAHUSHA dié Seun) van ~~die Here~~ VADER aan hom verskyn in die woestyn van die berg Sinai, in die vuurvlam van ‘n doringbos (Ex.3:2). Hand. 7:35 Hierdie Moses wat hulle verloën het deur te sê: Wie het jou aangestel as ‘n owerste en regter? —hom het ~~God~~ Skepper as owerste en verlosser gestuur deur die hand van die Engel (YAHUSHA dié Seun) wat aan hom verskyn het in die doringbos. Hand. 7:38 Dit is hy wat in die vergadering in die woestyn was saam met die Engel (YAHUSHA dié Seun) wat met hom op die berg Sinai gespreek het, en saam met ons vaders; hy het die lewende woorde ontvang om aan ons te gee (Wat ‘n pragtige uitwysing dat daar in VADER en ‘n Seun is). Ek sluit eers hier met die “Engel” wat met ‘n hoofletter begin “as die Seun van VADER” en soek gerus in die Ou Verbond dat dit so is.

Ek gaan voort met uitwysing:

Gen. 1:26 En ~~God~~ Skepper het gesê: Laat Ons mense maak na Ons beeld, na Ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip. Gen. 11:7 Kom, laat Ons neerdaal en hulle taal daar verwar, sodat die een die taal van die ander nie kan verstaan nie (Ek lees “Ons”, is dit nie meer as een nie?)

Ex. 33:11 Dan spreek ~~die HERE~~ YAH (YAHUSHA dié Seun) met Moses van aangesig tot aangesig soos ‘n man met sy vriend spreek. .. (Let op dat dit dié Seun van VADER moet wees, want dit is ‘n gesprek van aangesig tot aangesig). Ex. 33:19 Maar Hy antwoord: Ek sal al My majesteit by jou laat verbygaan en voor jou die Naam van ~~die HERE~~ VADER uitroep; maar Ek sal ~~genadig~~ goedgunstig wees vir wie Ek ~~genadig~~ goedgunstig wil wees, en My ontferm oor wie Ek My wil ontferm. Ex. 33:20 Verder het Hy gesê: Jy kan My aangesig nie sien nie, want geen mens kan My sien en bly lewe nie (Lees jy soos dit daar staan nl.: “Jy kan My aangesig nie sien nie, want geen mens kan My sien en bly lewe nie” VADER kon nie aanskou word nie, maar wel SY Seun “YAHUSHA”).

Deut. 18:18 ‘n Profeet (YAHUSHA dié Seun) sal Ek vir hulle verwek uit die midde van hulle broers, soos jy is, en Ek sal MY woorde in Sy mond lê, en Hy sal aan hulle sê alles wat Ek (VADER) Hom beveel. Deut. 18:19 En die man wat nie luister na MY woorde wat Hy in MY Naam spreek nie, van hom sal Ek self rekenskap afeis (Direkte waarskuwing van VADER oor SY Seun).

Jos 5:13 En terwyl Josua by Jérigó was, slaan hy sy oë op en kyk, en daar staan ‘n man teenoor hom met ‘n ontblote swaard in sy hand; en Josua het na hom gegaan en hom gevra: Behoort U by ons of by ons vyande? :14 En Hy sê: Nee, maar Ek (YAHUSHA dié Seun) is die leërowerste van ~~die HERE~~ VADER; Ek het nou gekom.

Toe val Josua met sy aangesig op die grond en buig hom neer en vra Hom: Wat wil my Here Meester aan sy dienskneg sê? Jos 5:15 Toe sê die leërowerste (YAHUSHA dié Seun) van ~~die HERE~~ VADER vir Josua: Trek jou skoene van jou voete af, want die plek waar jy op staan, is heilig rein. En Josua het so gedoen (Telkemaal in die Ou Verbond sal jy sien dat YAHUSHA dié Seun van VADER optree as VADER se sweep of die Een wat VADER se straf uitdeel.

Ps. 2:2 Die konings van die aarde staan gereed, en die vorste hou saam raad teen ~~die HERE~~ VADER en teen SY Gesalfde en sê:

Ps. 2:6 Ek tog het MY Koning gesalf oor Sion, MY heilige afgesonderde berg.

Ps. 2:7 Ek wil vertel van die besluit: ~~Die HERE~~ VADER het aan My gesê: U is MY Seun, vandag het Ek self U gegeneer.

Ps. 2:8 Eis van My, en Ek wil nasies gee as u erfdeel en die eindes van die aarde as u besitting.

Ps. 22:2 My God Skepper, My God Skepper, waarom het U My verlaat, ver van My hulp, van die woorde van My gebrul?

Ps. 22:19 Hulle verdeel My klere onder mekaar en werp die lot oor My gewaad.

Ps. 45:2 My hart word bewoë deur goeie woorde; ek dra my gedigte voor aangaande 'n Koning; my tong is die pen van 'n vaardige skrywer.

Ps. 45:3 U is veel skoner as die mensekinders; ~~genade~~ guns is uitgestort op U lippe; daarom het God VADER U geseën vir ewig.

Ps. 45:8 U het geregtigheid lief en haat ~~goddeloosheid~~ boosheid. Daarom het, o God VADER, U God VADER U gesalf met vreugde-olie bo U metgeselle.

Ps. 110:1 Van Dawid. 'n Psalm. ~~Die HERE~~ VADER het tot my Here VADER gespreek: Sit aan my regterhand, totdat Ek u vyande maak 'n voetbank vir u voete.

Ps. 110:4 ~~Die HERE~~ VADER het gesweer, en dit sal Hom nie berou nie: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek.

Ek sluit om te noem dat dié Naam “YH” aan VADER en Seun behoort. Soos ons bo die onderskeid kan lees tussen VADER en Seun sien ons ook die eenheid of eenwording. YAHUSHA dit tog duidelik dat ons as die uitverkore ook moet deel word van daardie eenwording. Baie vergader in die Naam van VADER, maar is hulle werklik een in geloof, een in waarheid ? Stem hulle werklik saam of loop elk met sy eie agenda?

My vriend as jy nog nie by die Koninkryk uit gekom het nie sal daar nie by jou bygevoeg word nie. Kom na die Koninkryk waar YAHUSHA wag om jou aan Sy VADER voor te stel.

Bedink dit!